5 Junie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 13

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings
Agterblad

Voorblad

Hoe hoor ek God se Woord vandag?

Die tema van vanjaar se Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) klink eenvoudig en vanselfsprekend: *Hoe hoor ek God se Woord vandag?*

Die tema is geen verrassing nie. Die Algemene Kerkvergadering (AKV) van 2007 het die Kerk opnuut voor die vraag gestel: Hoe lees die (gewone) lidmaat die Bybel? In teologiese taal sal gevra word: Wat is die Skrifbeskouing/Skrifverstaan van die lidmaat/Kerk? Daar bestaan 'n gevoel dat die AKV se besluite oor veral die saak van homoseksualiteit 'n tree terug was. Die bedoeling is dan 'n tree terug na die *positiwisme*, 'n denkmodel waarvolgens die Bybel baie duidelik sê wat reg en verkeerd is, sonder om die historiese situasie van die teks en die nuwe vraagstelling van huidige situasies volledig in berekening te bring.

Met die eerste aanbieding van vanjaar se VTT op 27 en 28 Junie, wat deur 25 predikante by Gemeente Villieria se kerkkompleks deurloop is, het die dosente deeglike voorbereiding laat neerslag vind in keurige aanbieding. Reeds van die openingswoorde van prof Theuns Dreyer af is elke kursusganger gekonfronteer met die vraag: Hoe hoor ék God se Woord? Prof Yolanda Dreyer het die eerste (*Bewusmaking van eie voorverstaan*) en laaste (*Denkmodelle*) modules aangebied. Die res van die sessies is gevul met insette deur proff Johan Buitendag (*Skrifverstaan – enkele pennestrepe*), Ernest van Eck (*Een teks – meerdere betekenisse*), Piet Venter (*Hoe lees ons die Bybel as kanon?*) en Andries van Aarde (*Skrifverstaan*). Dr Kobus Labuschagne het *Die Reformasie en Skrifinterpretasie* hanteer en prof Piet van der Merwe *Fundamentalisme as algemeen-religieuse verskynsel van die moderne epog*. **(vervolg op bl 2...)**

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

Prof Theuns Dreyer het die ontmoeting met God beskryf met *Die prediking as Woordgebeure*. Sinvolle gesprek is telkens in die kleingroepe gevoer en die terugvoer in die grootgroep met prof Piet Geyser as fasiliteerder het elke kursusganger opnuut bewus gemaak van die groot verantwoordelikheid en waagstuk wanneer die predikant sê: *So sê die Here!*

Die huidige debat in die Kerk noodsaak dat elke predikant die geleentheid sal benut om aan hierdie baie belangrike gesprek in die Kerk deel te neem. Die gepaste begin is om die VTT-kursus by te woon en die gesprek te voer op ’n vlak wat die Heer van die kerk waardig is. Ons kan onsself nie die luukse gun om met mekaar te praat sonder om mekaar te hoor nie. In die gesprek oor Skrifbeskouing en Skrifverstaan sal elke predikant eerlik moet wees teenoor die evangelie en teenoor hom- en haarself. Dit is elke predikant se verantwoordelikheid om hierdie geleentheid by te woon en saam met die Kerk in nederigheid en opregtheid te vra: *Hoe hoor ek God se Woord vandag?*

*** Die volgende VTT vind plaas op Dinsdag 4 en Woensdag 5 November. Inligting daaroor kan verkry word van mev Betsie Brits, tel 012 420 5393, faks 012 420 4303, of betsie.brits@up.ac.za

Ds Leon Geel

Kerknuus

BEROEPENUUS

► **Beroepe aanvaar**

- **Ds Rita de Kock** na Villiers (deelversorging)
- **Ds Willem Sauer** van Wonderboompoort na Groot Marico
- **Ds Paula Eksteen** na Midrand (deelversorging)
- **Ds Gerhardt Stoltz** van Koedoesrand na Magaliesburg
- **Ds Petrus Harmzen** na Gerdau (deeltyds)

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Prof Frans van Zyl,** emeritusprofessor van die Kerk, is Sondagnag 1 Junie oorlede in die geseënde ouderdom van 95 jaar. Hy is gebore op 6 Mei 1913. Die begrafnis vind plaas op ***Maandag 9 Junie*** in die kerkgebou van ***Montana om 09:30.*** Dr DJC van Wyk (sr) en ds TF Dreyer (emeritus) sal die begrafnisdiens lei. Prof JP Oberholzer doen die teraardebestelling by die begraafplaas te Heatherdale na afloop van die begrafnisdiens. Prof TFJ Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, sal namens die Kerk en prof PJ van der Merwe namens die teologiedosente en al prof Van Zyl se studente huldeblyke lewer. Prof Fred Jooste sal namens die familie hulde bring en ook die bedankings behartig. ***Predikante word versoek om hulle togas te dra en in die konsistorie bymekaar te kom voor die diens. Hulle word versoek om ook by mekaar te sit.***

► **Ds Colin Hertzog** se vader is verlede Saterdag 31 Mei oorlede na 'n kort en smartlike siekbed.

► **Ds en mev Piet Rautenbach** is op Sondag 1 Junie deur Gemeente Nkana ontvang. Prof MJ du P Beukes, wat die afgelope jaar as brugpredikant gedien het, het hom in sy amp bevestig. Prof Beukes keer eersdaags terug na Pretoria.

Terug na Voorblad

► **Ds DZ (Dawie) du Plessis** word op Sondag 8 Junie in Gemeente Wonderboom-Suid bevestig deur dr Jan Vorster. Dit is 'n deeltydse standplaas.

► Gemeente Brackenhurst ontvang **ds Deirdre vd Merwe-Botha** op Sondag 8 Junie in die gemeente. Haar werk sal fokus op die gemeente se missionêre gerigtheid, bedieninge en jeugwerk. Die erediens is om 11:00 en die gemeente en gaste eet na die tyd saam.

► **Predikantevergadering 2008**
Die bestuur van die Predikantevergadering is jammer om almal se programme te ontwrig, maar weens die nie-beskikbaarheid van een van die sprekers, is hulle verplig om die vergaderdatum te verander. Predikante moet asseblief kennis neem dat die besonderhede van vanjaar se Predikantevergadering nou die volgende is:

Datum: 17 September 2008 vanaf 08:30
Plek: Kerksentrum – Gemeente Swartkop

Die tema sal later bevestig word. Alle predikante, emeriti en professore word uitgenooi en versoek om alles moontlik te doen om hierdie vergadering by te woon.

BEDIENINGSNUUS

■ **Gemeente Kimberley** het na 'n lang tyd sonder 'n predikant besluit om weer te beroep. Die konsulent en die Ringskommissie gee tans in dié verband leiding aan die gemeente.

Advertensies en kennisgewings

■ **Gemeente Wesmoot** in Pretoria wag aansoeke in vir hulle vakante standplaas. Dit is 'n volledig-versorgde standplaas. 'n Versorgingspakket van 5-10 diensjare is binne die gemeente se finansiële vermoë. Die gemeente beskik oor 'n pastorie langs die kerkgebou wat tot beskikking van die nuwe predikant is.
Belangstellendes moet asseblief 'n CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke stuur na: wesmoot@nhk.co.za. Verdere inligting kan aangevra word by bogenoemde e-posadres. Aansoeke sluit op 30 Junie 2008.

● Die **Perth Afrikaans Reformed Church** in Australië het tans 'n vakante pos vir 'n tweede voltydse leraar.
Stuur aansoeke aan: Perth Afrikaans Reformed Church
21 Davenport Circuit Mindarie
Western Australia
6030
E-pos: voorsitter@parc.org.au
Faks: +61 89 304 6586

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie 2008
Navrae aan:

Voorsitter	Jan van den Berg	e-pos: voorsitter@parc.org.aus
Leierouderling	Barry van der Vyver	e-pos: br.barry@parc.org.aus

● **NHK Witfontein (in Pretoria-Noord)** wag aansoeke in vir 'n vakante orrelispos. Diensaanvaarding so gou moontlik. Aansoeke (met CV's) kan gerig word aan ds Jimmy Manders by jtmanders@icon.co.za of gefaks word na 086 676 4409.

Terug na Voorblad

● **Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika** het ’n vakature vir ’n persoon met ’n A+ rekenaarkwalifikasie as ’n **IT-ASSISTENT** en vir verwante administratiewe take by sy Kempton Park Administratiewe Sentrum. Die persoon moet Afrikaans en Engels magtig wees. Sluitingsdatum vir aansoeke is 13 Junie. Diensaanvaarding is so gou moontlik daarna. Vir meer besonderhede kan ds Wilhelm Steyn of mnr Johan van der Walt geskakel word by 011 9704010.

● **Orrelpos: Pretoria-Tuine**

- Oggenddienste
- Aanddienste (Jan-Mei en Aug-Sept)
- Sanggroep

Vergoeding teen voorgestelde skale. Aanvaarding so gou moontlik.
Kontak dr André Botma by 012 460 7768 of andre.botma@telkomsa.net

■ **Gemeente Alberton** bied op 1 Augustus 2008 ’n *Eden*-konsert by die *Alberton Rugby Stadium* aan. Kaartjies is R60 per persoon. Die konsert begin om 19:00 maar die hekke open reeds om 17:00. Daar sal verskeie kosstalletjies wees, onder andere pannekoek, ribrolle, boereworsrolle, *cheese grillers*, sop en broodjies. Koeldranke sal te koop wees. Bring asseblief kampstoele en komberse saam.

Kom kuier saam met *Eden* en geniet terselfdertyd jou aandete sommer hier by ons.

Vir kaartjies, kontak Ronell Ohlms 011 907 4598/084 251 2550/conveyancing@heysteka.co.za of Rosina Price 011 869 8824/084 816 2392. **Maak gou. Hierdie is tans een van Suid Afrika se gewildste Afrikaanse sanggroepe!**

● **75-JAAR DIAMANTBASAAR**

Gemeente Van der Hoff op Groblersdal vier hierdie jaar hul 75ste bestaansjaar. Hulle dank God wat deur maklike en moeilike tye sy hand oor die gemeente gehou het. Die gemeente is tans herderloos maar danksy oudl Johan van den Berg en skriba oudl Kobus Pretorius en oom Dick en tannie Ella Engelbrecht gaan hulle voort met hul planne en hou hulle op 7 Junie 2008 hul 75-jaar Diamantbasaar van vroeg tot laat op die kerkterrein in Voortrekkerstraat.

Mede-Hervormers word uitgenooi om die dag saam met die gemeente deur te bring. Daar sal heerlike kos te koop wees; groente soos net ons boere dit kan kweek; vleis; kontreigoed en vele meer. Gaskunstenaar Zack du Plessis sal optree as seremoniemeester en sy vrou, Magda van Biljon, sal ’n paar stories aan die kleingoed vertel. ’n Egte diamant ter waarde van R35 000 en vele ander troospryse kan op die dag by die kerk gewen word.

Vir meer inligting kontak Jeanetta Pretorius by 013 262 4738 of Rini van Vuuren by 013 262 4081.

● **Ring van Zeerust: Rolbaldag**

Waar: Zeerust Rolbalklub
Wanneer: Saterdag 12 Julie 2008
Begintyd: 10:00
Koste: R30 per speler (ete ingesluit)

Potjiekoskompetisie: Inskrywings gratis. Pryse te wen! Kos gaan vir spelers en toeskouers.
Daar sal vir vermaak vir die kinders gereël word.

Skakel Mario Röscher op Ventersdorp by 083 654 1171.

Terug na Voorblad

Fietswedren

Saterdag 21 Junie
Swartwater
Tyd: 08:00
Inskrywingsfooi: R80

Aangebied deur Gemeente Koedoesrand

Kontak Buks van Blerk by 083 253 0665 of buksvb@mweb.co.za en Gerhard Stoltz by 082 872 5236 of gpj@vodamail.co.za

Padfiets
Afstande: 15 km, 50 km en 100 km

***MTB*/Bergfiets**
Afstand: 50,7 km

Vir alle inligting besoek: www.bosveldkarnaval.co.za

- **Die volgende ringsvergaderings vind in die komende week plaas:**
  - Die Ring van Brakpan vergader op 7 Junie by Gemeente Benoryn
  - Die Ring van Johannesburg vergader op 7 Junie by Gemeente Johannesburg-Wes
  - Die Ring van Klerksdorp vergader op 8 Junie by Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester
  - Die Ring van Lydenburg vergader op 6 Junie by Gemeente Hazyview
  - Die Ring van Wes-Kaapland vergader op 7 Junie by Gemeente Strand

- Die **Ondersteuningsraad** se Bestuur vergader op Woensdag 11 Junie om 09:00

Agterblad

Regstelling

In die volledige weergawe van die *e-Hervormer* van 29 Mei is die verkeerde foto geplaas by die berig dat ds Rita de Kock 'n deelsorgberoep na Villiers ontvang het. Die redaksie vra verskoning vir die fout. Soos by **KERKNUUS** berig word, het ds De Kock die beroep na Gemeente Villiers (deelversorging) aanvaar.

Ds Rita de Kock

Terug na Voorblad